23 Februarie 2026

# Tygieland-nuus

Webtuiste: www.tygies.co.za

PSALM 29:11 Die Here gee krag aan sy volk. Die Here seën sy volk met vrede.

| PROGRAM VIR DIE WEEK | |
|---|---|
| **Maandag – 23 Februarie** | • Playball<br>• A+ students<br>• Pottebakkery<br>• Young Engineers<br>• Gimnastiek<br>• Krieket-akademie<br>• Netbal Ninjas Akademie<br>• Little readers |
| **Dinsdag – 24 Februarie** | • EQ4KIDS (Emosionele intelligensie)<br>• Blaise Professionele tennisafrigting<br>• Super Somme (graad R)<br>• A+ students<br>• Krieket-akademie<br>• Stoei (o.5 - o.6): Oefening (skoolsaal) 17:00 – 18:00 |
| **Woensdag – 25 Februarie** | • Experi buddies<br>• A+ students<br>• Super somme (graad RR)<br>• Krieket-akademie<br>• Netbal Ninjas Akademie<br>• Ballet<br>• Little readers |
| **Donderdag – 26 Februarie** | • Tygieland-koor oudisies (skooltyd)<br>• RSD (rugbyvaardighede)<br>• Hippity Hop<br>• Ballet<br>• A+ students<br>• Blaise Professionele tennisafrigting<br>• Stoei (o.5 - o.6): Oefening (skoolsaal) 17:00 – 18:00 |
| **Vrydag – 27 Februarie** | 😍 **SNOEPIEDAG** 😍<br>• **Tannie Salome verjaar! (Skapieklas assistent)**<br>• Voortrekkers |

## KURRIKULUM

**GRAAD RR**

**TEMA: GESONDHEID**
Liedjie: Borsel jou tande
Gediggie: Dis gesond

**GRAAD R**

**TEMA: KLEURE EN VORMS**
Liedjie: Ali en die verf
Gediggie: Driehoek

## TYGIELAND-KOOR OUDISIES

Tygieland spog met 'n Tygieland-koor! **Slegs graad R-leerders** kan in die koor sing. Die graad RR- maatjies sal volgende jaar 'n beurt kry. Die oudisies word Donderdag **26 Februarie** in skooltyd gedoen. Al die graad R-leerders wat die dag by die skool is sal die geleentheid kry om 'n oudisie te doen. Die leerders wat dan die oudisies geslaag het sal deur die klasjuffrou op die klas se WhatsApp-groep vir die koor geplaas word. Die koor oefen in skooltyd en is onder leiding van mev. Hester Wagner.

## NUWE REGISTRASIES VIR 2027

- **Nuwe leerders** vir **2027** kan reeds geregistreer word.
- Die registrasievorm is op die skool se webblad beskikbaar. www.tygies.co.za

**LET WEL:** Die **huidige graad RR en R-leerders** sal hulle herregistrasievorms vir 2027 in kwartaal 2, ontvang.

## WEES MY HERO

Ons jaarlikse **Wees my Hero-fondsinsamelingsfunksie** vind hierdie jaar weer op **6 Maart** te Rolling Waters Country Estate plaas.

Kom wees deel van ons helde-gemeenskap en maak 'n verskil in 'n Tygie se lewe.
Want die Waarheid is: HELDE LAAT 'N ERFENIS.

- Koste per kaartjie beloop **R1 450** p.p.
- Volg hierdie skakel vir besprekings: https://forms.gle/hZaymk2UqfaCdTmY8

Vir enige navrae i.v.m. die funksie kontak me. Claire Braak by wmh@tygies.co.za.

Indien u graag 'n bydrae wil maak deur 'n veilingitem te borg, kan u me. Ardelle Scholtz per e-pos kontak by bemarking@tygies.co.za en die meegaande Google-vorm invul: https://forms.gle/jFS3s8rhAkDHHsWc7

Psalm 16:6: "Die meetsnoere het vir my in lieflike plekke geval, ja, my erfenis is vir my mooi."

## ARGIEF FOTO'S

**Aandag alle oud-Tygies!**

In die aanloop na ons Wees my Hero-projek met die tema "Helde Laat 'n Erfenis" het ons dit goedgedink om 'n informele foto-argief saam te stel waarmee ons Laerskool Tygerpoort en sy gemeenskap se ryk erfenis kan gedenk en bewaar.

Ons doen daarom 'n dringende beroep op u om enige foto's ouer as 8 jaar waaruit die skoolgronde, sportvelde, klasse, skooldrag, sportdrag, kaskar-projekte, plotjolle en verwante foto's duidelik blyk, vir ons op die Google Drive te laai: https://forms.gle/fdcXAo9UmUcFfGLJ7

Ons sal u hulp in hierdie verband hoog op prys stel en sien uit om al die kosbare foto's tot ons argief te voeg!




